

CQ BOLAND



NUUSBRIEF VAN
DIE BOLAND AMATEURRADIO KLUB

September 2010

KOMITEE VAN BOLAND AMATEURRADIO KLUB

Johan le Roux	ZS1RX	021-9192246
Karl Canitz	ZS1KC	021-9765237
Rassie Erasmus	ZS1YT	021-8545764
Olivier van Staden	ZS1OLI	021-8698564
Raoul Coetzee	ZS1REC	082-4664327
Jan Van der Vyver	ZS1VDV	083-3795859
Conrad Esterhuizen	ZS1ES	083-6296316

Gekoöpteerde Lede

Deon Heydenrych	ZS1G	082-6539884
Douglas Defty	ZS1DUG	021-9436300
Deon Coetzee	ZR1DE	021-9764167

KLUB BULLETINS

Tyd: Sondae om 7:45
 Frekwensies: 3670kHz, 7094kHz LSB en 145,700 FM

KENNISGEWING VAN DIE VOLGENDE BARK VERGADERING


U word vriendelik uitgenooi na 'n BARK vergadering op Saterdag 2 Oktober 2010 om 11:00 op die plaas Slot van die Paarl. Die vergadering behoort so teen 12 uur klaar te wees en daarna sal die braaivleis vure aangesteek word. Moenie van die kattedak verkoping vergeet nie. Bring u eie kos, eetgerei, drinkgoed, stoele, rooster ens. saam. Verder in hierdie uitgawe is 'n beskrywing om by die vergadering uit te kom.

BARK
 Vergadering...



BYDRAES TOT CQ BOLAND

Die redaksie van CQ BOLAND verwelkom alle bydraes vanaf Boland se Amateurs en vriende van die klub. Bydraes mag egter volgens die diskresie van die redakteur aangepas en geplaas word om sodoende die gepastheid en kwaliteit van inligting en artikels te verseker. Bydraes moet ten minste vier weke voor die datum van die volgende vergadering aan die redaksie met behulp van E-pos, pakket radio of op disket gestuur word.



Stuur u bydraes aan:

Pakket: ZS1RX@ZS0BEL.TBG.WCP.ZAF.AF

E-pos: ZS1RX@MAILBOX.CO.ZA

Posadres: CQ Boland Posbus 273 STRAND 7139

VAN DIE VOORSITTER.

BARK se volgende vergadering vind plaas op Saterdag 2 Oktober. Kom ons kyk of ons dit weer 'n lekker groot samekoms kan maak. Beplan sommer nou al. Bring die gades en kroos saam.

Dan was daar die afgelope kwartaal aktiwiteite soos die BARK 40M naelloop, Die RTA in Kaapstad en die internasionale vuurtoring naweek. Baie dankie aan almal wat gehelp het om hierdie geleentheid 'n



sukses te maak. Ons kan regtig trots wees op ons klub.

Baie dankie vir die bydraes vir CQ Boland. Julle maak my taak baie makliker. Ek het selfs nog artikels vir die volgende uitgawe. Hou asseblief aan om vir my artikels te stuur.

Ondersteun asseblief ons Gholfhemp en Pet projek. Dit skep 'n goeie indruk by die publiek as ons 'n klub samehorigheid het.

Johan, ZS1RX

BARK GHOLFHEMP EN PET

Deur Johan, ZS1RX

BARK Gholfhemde en Pette is nou beskikbaar. Die hemde is beskikbaar teen R75.00 en die Pette teen R45.00. Ek sal voorbeelde van die groottes van die hemde na die volgende vergadering toe bring.




Die hemp het BARK se embleem en die lid se naam en roepsein op die bors. U roepsein en naam sal voor op die pet wees en agterop sal "Boland amateur radio klub" staan.

Bestellings kan by my geplaas word.

BARK VERGADERING VAN SATERDAG, 2 OKTOBER 2010

Ons volgende BARK vergadering vind plaas op Saterdag, 2 Oktober 2010, op die plaas Slot van die Paarl te Agter-Paarl. Olivier, ZS1OLI, is ons gasheer.

As u van Kaapstad se rigting noord ry op die N1, neem u die Klapmuts/Wellington afruit. Dit is die R44. Die R44 raak later 'n dubbel baan. Hou aan tot by die Noord Agter-Paarl Koelkamer. Draai daar links. Maak seker dat u tot by die koelkamers ry voordat u van die R44 afdraai. So 'n kilometer verder sal u die afdraai links na die plaas vind. Die



plaas se naam is "Die Slot van die Paarl". U sal sommer gou die antennas

sien. Volg die pad tot by die antennes. Die GPS verwysing is 33°39.746'S en 18°54.769'O

Daar sal bystand wees op die 145.650 herhaler. Sien u daar!

BARK 40M NAELLOOP



Die jaarlikse BARK 40M Naelloop het op Sondag 25 Julie plaasgevind. Agtien "Logs" is ontvang. Die eerste drie plekke is as volg: ZS2A, ZS4JAN en ZS1CF. Baie geluk aan hierdie amateurs. Baie dankie aan Karl, ZS1KC, wat die BARK-stasie bedryf het.

WIND ENERIE

Deur Koos, ZS1KWV

Ons hoor en lees in die laaste paar jaar meer en meer van die energie krisis. Die wêreld se petroleum voorrade het nog net soveel beskikbaar dan gaan daar 'n tekort ontstaan met die gevolglike verhoging in prys as gevolg van die vraag en aanbod verhouding. Daar word baie navorsing gedoen met elektriese motor voertuie wat battery aangedrewe is. Hierdie batterye moet ook maar gelaai word en ons is terug by ons kragstasies se vermoë wat afhanklik is van steenkool, olie of kernkrag. Stel jou voor jy kom hou vanaand in jou motorhuis stil met jou battery aangedrewe motor. Jy konekteer die laaikabel en more oggend is die battery vol gelaai. Dit is so dat dit goedkoper is om teen die huidige elektrisiteit pryse 'n stel goeie battery te laai vanaf Eskomkrag as om te gaan brandstof ingooi en 10 kilometers te ry vir R8.55.

Gratis elektrisiteit in die vorm van wind en sonkrag is natuurlik 'n ander alternatief. Die vraag kom nou hoe groot en duur moet die installasie wees om die krag te voorsien.

Ek wil met hierdie artikel saam met u bereken hoeveel energie is beskikbaar in die vorm van wind.

Eerstens die aandrywing. Dit is nou die metode om die wind energie in die battery te kry en dit dan om te sit in 220volt vir huishoudelike gebruik. Ons gaan eers die batteryaangedrewe motor uitlos solank die navorsers nog besig is om battery en motors te ontwerp wat meer effektief en goedkoper is as tans.



Voordat ek met berekeninge begin kom die vraag: Wat is in die wind wat ons as energie benut en hoe doen ons dit.

Antwoord: Deur die wind te dwing om van rigting te verander. Een van Newton se wette lui dat as 'n krag in 'n rigting aangewend word dan is daar 'n teenkrag van dieselfde intensiteit in die teenoorgestelde rigting. Die maksimum krag om uit die wind te benut deur dit te dwing om van rigting te verander is ongeveer 60%. (Om presies te wees dit is 59.26%). Dit is al in 1919 bereken deur 'n kêrel genaamd Betz. Trek dus 40% af op al die verdere berekening in hierdie



artikel.

Ek gaan begin by die grootte van die lugskroef wat die opwekker moet aandryf. Hoe groter die skroef hoe meer krag natuurlik.

Daar is 'n formule wat ek gaan vereenvoudig vir die van u wat laas op skool in standaard 6 sulke berekening moes doen.

Die formule is: Effektiwiteit x 0.5 x Digtheid van die lug x swaai area x windspoed in meters per sekonde 3e mag.

1. Effektiwiteit van die lugskroef is sowat 35%. Dit is beperk omdat die lemme die een in die ander se lugwarreling beweeg en dan nie meer as 35% krag kan lewer nie. By groter (en stadiger) lugskroewe het ingenieurs al amper 90% effektiwiteit behaal. Terloops 'n goeie sonpaneel is 15% effektief.
2. 0.5 = Deel van die formule.
3. Lug digtheid by seevlak is 1.23 Kg per kubieke meter. Op die Witwatersrand is dit omtrent 1Kg per kubieke meter @ 20 grade Celsius.
4. Swaai area is die grootte van die lugskroef. Dit word bereken deur 3.14 (u onthou nog die Griekse simbool "pi" π of $22/7$?) te vermenigvuldig met die radius van die lugskroef (tot die tweede mag).

Kom ons neem nou 'n windlaaier met 'n lugskroef met 3 lemme van 1.2 meter lank en sit die windlaaier op 'n 6 meter hoë toring op gelyk grond. Geen bome of konstruksies binne 300 meter nie, en bereken eers die oppervlakte daarvan. Dit is $3.14 \times 1.2 \times 1.2 = 4.52$ vk meter.

Ons bereken die windspoed teen 15 K/hr in meters per sekonde (15000 mtrs in 3600 sekondes) is 4.16 mtr/sek.



Dus $.35 \times 0,5 \times 1.23 \times 4.52 \times 4.16 \times 4.16 \times 4.16 = 70$ watt. Minus 40% volgens die Betz berekening gee ons 42 watt. Dit is 3.5 ampere teen 12 volt.

Indien die windspoed 30 kilometers per uur (8.3 m/s) is dan lyk die prentjie heelwat anders. Kom ons toets hom. Dieselfde volgorde soos bo behalwe die windspoed wat nou twee maal soveel is.

$.35 \times 0.5 \times 1.23 \times 4.52 \times 8.33 \times 8.33 \times 8.33 = 562$ watt. Dit gee 8 keer soveel krag as die windspoed net twee keer meer word.

Indien ons die lemme 1.8 meter (= 50%) langer maak dan is die uitset teen 30 K/hr 1265 watt. Dus meer as 2 keer soveel teen dieselfde windspoed (8.33m/s).

Indien ons hierdie windlaaier op die Witwatersrand sou opsit onder dieselfde omstandighede en die temperatuur bly 20 grade Celsius dan kry ons net 1028 watt. Dit is 23% minder krag omdat die lug dunner is op die Witwatersrand. Mens kan die toring 12 meter hoog maak i.p.v. 6 meter dan is die wind effektiwiteit 10% meer en dit sal weer op sy beurt 23% meer krag uitgee naamlik 1265 watts. Hier in die Kaap sal die windlaaier op 12 meter 1556 watts gee omdat die wind op 12mtr i.p.v. 6 meter 10% meer effektief is. Daar is minder warrelings as gevolg van oppervlakte sleur. (surface drag) en nie net a.g.v. hoër windspoed nie. Dus hoe hoër hoe beter. Die vraag kan ontstaan hoekom nie meer lemme nie. Daar is 'n reel naamlik Krag = spoed x wringkrag. Meer lemme draai stadiger en ons soek krag.



Net statistieke omtrent hierdie vraag. 'n Twee lem lugskroef gee in vergelyking met 'n enkel lem lugskroef (met 'n teengewig vir balans) 6 % meer krag uit en 'n 3 lem lugskroef gee net 3% meer krag uit as 'n twee lem lugskroef. Hoe meer lemme hoe minder ekstra die effek. 'n Drie lem lugskroef lyk ook vir my beter.

Die vorm van die lem is deel van die effektiwiteit. Die lemme wat ek maak se skuinste by die punt is minder as 2 grade en by die basis is dit 14 grade. Ek het in 'n eksperimentele lugskroef die skuinste 4 grade gemaak en die effektiwiteit het verminder na 17%.

Die punt van die lemme beweeg 6 keer vinniger as die windspoed dus 180 k/hr in 'n 30 kilometer per uur wind. 'n Puntspoed verhouding tussen 5 en 7 is die mees effektiewe verhouding vir wringkrag en spoed. My wind turbine is ontwerp om teen 'n gemiddeld 15 K/hr wind die optimum van die leweringskurwe te gee

Wegvreting van die lem se voorkant as gevolg van stofdeeltjies in die lug is nogal 'n probleem. Die 3 lemme van die 4.2 meter lugskroef weeg saam omtrent 6kg en is so sterk dat ek daarop kan staan. Dit word gemaak met 'n epoksie hars en veselglasdoek van 325 gram per vk meter. Die versterking word gedoen met iets soortgelyk as die isolasie in 'n yskas se deur naamlik polyurethane skuim. Een laag 4 mm dik in elk van die voorkant en agterkant van die lem se dele.



Vir die van u wat nie kans sien vir somme doen nie gee ek 'n tabel wat 'n aanduiding gee van wat om te verag van verskillende kombinasies van windspeed en grootte van die lemme.

Lemme deursnit	8K/hr	16K/hr	36K/hr	72K/hr
1 Mtr	1 Watt	6 Watt	70 Watt	560 Watt
3 Mtr	3 Watt	25 Watt	280 Watt	2300 Watt
7 Mtr	7 Watt	60 Watt	630 Watt	5000 Watt
12 Mtr	12 Watt	100 Watt	1120 Watt	9000 Watt

GESOEK/WANTED

1. FM buis-ontvanger (valve), werkend of nie werkende toestand.
2. Enige oortollige buise (valves) wat 'n goeie tuiste soek.

Ek sal kom afhaal.

Bob, ZS1BOB

RADIO TEGNOLOGIE IN AKSIE – KAAPSTAD 24 JULIE 2010

Deur Johan, ZS1RX

Vanjaar se RTA was interessanter as van die vorige jare se aanbiedings. *Dit mag persoonlike voorkeur wees.*

Die program was as volg:

- Die vooruitgang in radio tegnologie gedurende die 85 jaar van die bestaan van die SARL.
- Verstaan Digitale Sein Prosessering.
- SKA-Die Radio Astronomie Sterrewag by Carnarvon.
- Die bou van mini satelliete vir die opleiding van studente.
- Besoek aan die Satelliet Laboratoriums.
- Die skakeling tussen die radio amateur en Hermanus se Magnetiese Observatorium.
- Rigting Vinding.
- D-Star Radio's.

Soos u kan sien was die onderwerpe baie interessant.



Hier kan u 'n idee vorm van die grote van 'n mini satelliet

ZS0BEL RAAK STILSLEUTEL

Deur Johan, ZS1RX

Dit is met leedwese dat ek die afsterwe van ZS0BEL aankondig. ZS0BEL was een van BARK se pakket Bulletin borde, en die laaste een om te sneuwel. ZS0STB is so 'n bietjie meer as 'n jaar gelede van diens onttrek.

ZS0BEL sal nog aktief wees tot 30 September 2010. Hierdie is die einde van 'n era. Pakketradio was vir baie jare 'n belangrike deel van die radio amateur se kommunikasie.

Oor die jare het ZS0BEL verskillende tuistes gehad. Die wat ek kan onthou is: ZS1IL, ZS1RL, Kaapstad Klub en ZS1G. Sedert Augustus 2001 was ZS0BEL in my studeerkamer gesetel.

Na soveel jare van Pakketradio dink ek ook weer terug aan Gerd Schlorf. Die "doyen van pakketradio" is miskien die beste manier om hom te beskrywe, want as Gerd se naam genoem word, word daar aan hom gedink as die BBS-meester. Gerd was ZS1ABM. Na Gerd se afsterwe het Toekie, sy vrou en nou ZS1ABM, ZS0STB gehuisves..

BARK EN DIE INTERNASIONALE VUURTORING NAWEEK

Deur Johan, ZS1RX



Agulhas Vuurtoring

Vrydagoggend 20 Augustus vat ons die pad na die mees Suidelike punt van Afrika. Ons missie is om 'n radiostasie by die vuurtoring by Agulhas op te sit en kontakte te maak vir die naweek wat voorlê. Die gebeurtenis is die "Internasionale Vuurtorings op die lug naweek".

Die span is: Andre - ZU1KOK, Anton - ZU1ASV, Rassie - ZS1YT, Conradt - ZS1ES en die uwe ZS1RX. Op Agulhas sluit Okko, ZS1OKO by ons aan.

Die owerhede gee goedgunstiglik toestemming dat ons in die vuurtoring se geboue mag tuisgaan.

Vrydagmiddag word ons vriendelik met Overberggasvryheid ontvang deur die inligtingsbeampes by die vuurtoring.

Soos goeie gesoute radioamateurs stel ons eers die stasie op en begin daarna die voertuie afpak.

Ons vernaamste uitrusting is 'n Kenwood TS450 radio en 'n multiband antenna vir 80, 40 en 20 meter. So tussen die rugby, vleisbraai en sommer net lekker gesels maak ons die een kontak na die ander. Een van die kontakte wat vir my uitstaan is 'n kontak met 'n lid van die Japanese winter oorlewingspan op Antarktika. Die kêrel het met 'n lekker sterk sein oor die koue water deur die antenna in die wind, al langs die koaks tot in die radio se luidspreker ingekom.

Met Sondag se BARK bulletin roep ek die vuurtorings om die kus in en een na die ander vertel hulle van hul doen en late van die naweek.

BARK het vanjaar weereens twee stasies bedryf. Die ander stasie was te Hangklip en was beman deur Raoul, ZS1REC en Willem, ZS1WDK.



Hangklip Vuurtoring

Sondagoggend 11 uur begin ons oppak. Andre het bestuur en ek hoop dat hy meer wakker was op pad terug as ek. Anders was sy bakkie op "automatic". 'N man moet mos moeg wees na so 'n naweek.....




Anton – ZU1ASV, Andre – ZU1KOK en die uwe Johan – ZS1RX

'N MAKLIKE LANGDRAAD ANTENNA (WAT WERK)

Deur Bob, ZS1BOB

As 'n Hamnet lid, het ek behoefte vir 'n kompakte, ligte en eenvoudige HF antenna. Hierdie betrokke antenna is ontwerp om te gebruik te word as 'n vertikale antenna met 'n aanbeveelde twee derdes van die draad so na as moontlik aan vertikaal.



Ek het daarmee ge-eksperimenteer as 'n gewone langdraad antenna en was so beïndruk dat ek dit met julle wil deel. 'n Langdraad antenna het interessante eienskappe en is een van die meer veelsydige antennes in die amateur se arsenaal.

Hierdie projek gaan eintlik oor 'n 4:1 UNUN en nie soseer die langdraad antenna nie. UNUN staan vir *unbalanced to unbalanced transformer* omdat antenna en koaksiale voerlyn ongebalanseerd is.

'n BALUN is 'n *balanced to unbalanced transformer* – in so 'n geval is dit 'n gebalanseerde oop voerlyn wat koppel aan 'n ongebalanseerde antenna.

Hierdie spesifieke UNUN is oorspronklik geskep vir radios met ingeboude instemmers, en is vir my 'n meer realistiese benadering t.o.v. BALUNS/UNUNS.

Ek het 'n ICOM 706 II G gebruik met 'n KENWOOD AT-130 instemmertjie wat 'n 10:1 SWR kan baasraak. SWR sal moontlik nie oor die hele band laag wees nie. Die antenna en *counterpoise* is in my geval elk 25m lank.

BALUNS en UNUNS was vir my 'n swart belt kuns wat met dik somme gemaak is, maar na hierdie projek sien ek vir baie meer kans. Moet ook nie alles glo wat geskryf word nie, gaan toets self of dit so is, jy leer baie in die proses. *Om te meet is om te weet!*

Moenie bang wees om met toroïeds te werk nie – dit is eintlik baie eenvoudig. Ek het met Dirkie Lotz, ZS1X kontak gemaak, ek hoor hy smous met toroïeds en dese meer.



Wat word benodig?

- 1 x AMIDON T200-2 Toroid (*Rooi*). Indien jy 50Mhz will bykom, sal 'n AMIDON T200-6 (*Geel*) toroid geskik wees.
- 1 x kassie vir die UNUN (YEBO partnr. PC1175).
- 1 x SO239 (*socket*). Maak vas met klein boutjies & moertjies.
- 1 x rooi & swart Hi-Fi luidspreker koppelstuk (*binding post*)(YEBO partnr. TML732.)

- 2 x elektriese draad met insulasie in 2 verskillende kleure, so 2m lank elk (0,75mm - 2mm).
- 1 x afval stuk RG213/4of goeie RG58, 100-120mm lank.
- 1 x skerp Stanley mes en pleisters! Sny die koaks netjies af.
- Verseker dat fyn 'haartjies' van die *screen* nie kontak maak met die middel geleier nie.
- Volgens die skets word twee verskillende kleure drade saam gedraai (*bifilar*).
- Probeer om die windings eweredig te spasieer.
- Die eerste winding kan met insulasieband vasgemaak word en so ook die laaste een.
- Knip oortollige draad af.
- 13 - 19 windings word aanbeveel. Meer windings gee beter werkverrigting op die laer bande. Ek kon 19 draaie 2mm draad op die toroid te kry. Met dunner draad, miskien meer.





Figure 5

My UNUN se antenna koppeling is op die rooi luidspreker koppeling gemaak en die swart vir die *counterpoise*. Maklik om so te onthou.

My toets is op Ganzekraal kampeerterrin gedoen, net anderkant Melkbosstrand/Dui nefontein. Die antenna is horisontaal 3m bokant die grond gespan en die *counterpoise* op die grond onder die

antenna. Dit word aanbeveel dat beide antenna en *counterpoise* drade ewe lank hoort te wees, maar moenie bang wees om te eksperimenteer nie.

Op 40m het ons vir N7EKD hoor na Suid-Afrika roep, sy uitset was 1Kw, myne 100w – hy kon my nie hoor nie, ek het dit ook nie verwag nie. My hart sou in elk geval gaan staan het!



Ek het gehoor dat ZS6LP CQ roep en ek het geantwoord – onmiddellik het OK Bert op sy omgekeerde-V teruggekome, beide van ons 'n RST van 5-8. Sy kaart is in die pos.

Ek is baie tevrede met die UNUN se verrigting.

Oor die algemeen was die SWR op 40m onder 1.5, effe hoër op 80m. SWR is natuurlik ook afhanklik van die lengte van die draad, hoogte bo grond, ens. - baie ruimte hier vir eksperimentering.

Die instemmer is nie op 40m gebruik nie, net SWR is gemonitor.

Onthou om resonante lengtes te vermy – instemmers hou nie daarvan nie!

Horisontale langdraad antennes neig ook om effe direksioneel te wees in die rigting van die vërste punt, maar weereens, eksperimenteer asb. *Moenie alles glo wat ek skryf nie – kyk self !*

Ek het nie RG58 gehad nie en gebruik 'n 5m lengte 75 Ohm koaks tussen radio en UNUN, dit het goed gewerk.

Ek sal graag wil hoor hoe die UNUN op 160m reageer, miskien sal iemand die projek bou en terugvoering gee.

Hier is 'n ideale antenna vir veldstasies, digitale werk, en veral Gelykgolf (CW).

HOE SLUIT EK BY BARK AAN? HOE HERNU EK MY LIDMAATSKAP

Die maklikste manier om by BARK aan te sluit of om u lidmaatskap te hernu is om dit via die internet te doen. Gaan na BARK se webwerf by <http://bark.org.za>. Gaan na Aansoek/Hernu vorm en voltooi die informasie wat verlang word. Of gaan direk na http://bark.org.za/?page_id=290. Doen 'n internet betaling in BARK se rekening in. Die bank besonderhede is:

Bank: ABSA.

Takkode: Internet - 632005, Toonbank – 334312.


Rek No: 429720974.

Ledegeld vir 'n gewone lid is R60,00 en vir 'n skoolier of student R30,00.

KOM ONS GESELS TEGNIES

Deur Johan, ZS1RX

Bou hierdie mikrofoonversterker om meer modulasie te kry. Hierdie is 'n lekker klein projek vir 'n Saterdagmiddag.



Bou dit en geniet dit.

CQ HOU KOERS 2010

Vanjaar se CQ Hou Koers vind vanjaar plaas op Saterdag 16 Oktober. Gedurende CQ Hou Koers gesels verskillende Voortrekker kommando met mekaar deur middel van Amateurradio. Maak asseblief kontak met u naaste Voortrekker kommando en bied u dienste aan. Dit sal lekker wees as daar somer baie van BARK se lede aan die geleentheid deelneem.

BARK VERGADERING VAN SATERDAG, 12 JUNIE 2010

Die vergadering het plaasgevind op die plaas “Die Slot van die Paarl”. Die vergadering het 11 uur begin en net na 12 het ons begin braai.

Dit was ook BARK se algemene jaarvergadering en die verkiesing van die komitee vir die volgende jaar. Die mosies vir die verandering aan die grondwet, soos in die vorige CQ Boland, is aanvaar. Twee lede van BARK is



Rassie, ZS1YT en Vidi, ZS1EL by die vergadering

ook vereer met SARL toekennings. Dit is Peter, ZS1JX en Vidi, ZS1EL. Geluk aan hierdie lede.

Vir die van ons wat daar was, was dit weereens 'n lekker vergadering. Dit was lekker om nuwe gesigte te ontmoet en net weer lekker te gesels met ou kennisse. Heelwat “goeters” het ook van hok verander.

Dit is nou die “goeters” wat nie meer benodig word nie en saamgebring word na die vergadering om dan weer 'n nuwe tuiste te vind.

Baie dankie aan Olivier, ZS1OLI en sy LV vir hul gasvryheid

Die volgende 44 persone het die teenwoordigheidslys geteken:

ALBERTS, JOHAN ZS1B
 BARNARD, TAS ZR1TAS
 BOTHA, LOUIS ZS1JLB
 BOUWER, JOHANN ZS1MB
 CANITZ, KARL ZS1KC
 CANITZ, WALTER ZS1W
 CARTER, JONATHAN ZU1N
 CHAMBERLAIN, HENRY ZS1AAZ
 COETZEE, DEON ZR1DE
 COETZEE, RAOUL ZS1REC
 CONRADIE, KOBUS ZS1K
 DE KOCK, DAVID ZS1DDK

DE KOCK, WILLEM ZS1WDK
 DE VILLIERS, FRANCOIS ZR1ACF
 DISSEL, ADRIAAN
 DISSEL, JOHAN ZS1JDL
 DREYER, THEO ZS1BO
 DU PLESSIS, DERRICK ZS1DUP
 ELLIS, ANDRE ZU1KOK
 ERASMUS, BEN ZU1TN
 ERASMUS, LOURENS ZS1BFE
 ERASMUS, RASSIE ZS1YT
 ESTERHUIZEN, CONRADT ZS1ES
 FRANSMAN, ANDRE ZS1IL

HEYDENRYCH, DEON ZS1G
 JENDRISSEK, PETER ZS1JX
 KOEGELENBERG, DANIE ZS1VD
 KORKIE, LEON ZS1MM
 LA GRANGE, VIDI ZS1EL
 LE ROUX, JOHAN ZS1RX
 LUCAS, AVRON ZR1AHL
 McLEARY, SAM ZS1OR
 OPPERMAN, FREDA
 PIETERSE, EDDIE ZR1DEP

SADIE, BENNA ZS1PBS
 SCHEEPERS, BOB ZS1BOB
 SMITH, ALEX ZS1L
 SWARTZ, CELIA
 TEN CATE, ADDIE ZR1ATC
 VAN RHYN, WILLIE ZS1RV
 VAN STADEN, OLIVIER ZS10LI
 VAN ZYL, BETSIE
 VAN ZYL, RENE ZS1VR
 VERSTER, RYAN ZS1AJ

SARL LIDMAATSKAP

Rassie, ZS1YT

Dit is vir my verblydend om te sien dat heelwat van BARK se lede ook reeds hulle lidmaatskap van die SARL hernu het. Tog is daar nog 'n aantal lede wat bloot net "vergeet" het om die regte ding te doen. Wel, dit is nog nie te laat nie! Gewone lidmaatskap is R360, Persone bo 65 jaar is R225, Familie lede van 'n lid is R120 en studente (persone onder 25 jaar) is slegs R60.

Die SARL se bankbesonderhede is die volgende:

Rekeningnaam: SARL
Bank: ABSA
Takkode: 632005
Rekening No. 4071588849

Faks u bewys van betaling aan 088 011 6752793 of e-pos dit aan admin@sarl.org.za. U kan ook aanlyn aansluit deur bloot te gaan na <http://www.sarl.org.za/public/membership/join.asp>

IS DIT 'N REKORD

Met die vorige BARK AJV het Rassie, ZS1YT, sy 25 jaar as lid van Boland se komitee voltooi. Hy is tans besig met sy 26 jaar. Ek vermoed dat dit 'n rekord kan wees as die lid wat nog die langste op die bestuur van Boland was. Die ouer manne wat weet kan gerus bevestig of dit so is of nie.

Rassie baie geluk met hierdie prestasie en baie dankie vir al die opofferings van 25 jaar op die komitee van Boland.

VAN	Boland Amateurradio klub Posbus 273 STRAND 7139
-----	--